# LAINGSBURG MUNISIPALITEIT
# BELEID T.O.V. DIE BEHEER VAN HUISWINKELS

## 1. Inleiding

Ten einde hierdie aspek van die gemeenskap se ekonomiese aktiwiteite sinvol te fasiliteer, is dit nodig dat daar besin word oor die hantering en reëling van die aktiwiteite van die eienaars van huiswinkels. Die huidige ekonomiese klimaat het tot gevolg dat daar 'n toename bestaan in die bedryfsveld en dat dit nodig is om bepaalde reëls en prosedures in plek te stel.

Die oogmerk van hierdie reëls en prosedures is nie die ontneming van inwoners se enigste bron van inkomste nie, maar slegs daarop gemik om bepaalde standaarde en ordelikheid in die bedryf te help vestig.

## 2. Beleidsdoelwitte

2.1 Die beleid het ten doel om die behoefte aan te spreek wat bestaan vir die bedryf van huiswinkels.

2.2 Die beleid het verder ten doel om die kwaliteit van produkte en dienslewering te reguleer ten einde die gemeenskap van die grootste voordeel van hierdie bedryf te verseker.

2.3 Die munisipaliteit poog om deur hierdie beleid 'n omgewing gunstig vir informele handel te skep, maar ook in ooreenstemming met die reëls en prosedures van gesonde administrasie en ordelike grondgebruik.

2.4 Die gemeenskap se reg op kwaliteit produkte en gesonde kos word hiermee erken as een van die hoof doelwitte van hierdie beleid.

2.5 Dit het verder ten doel om die eienaars van hierdie huiswinkels ook in die hoofstroom van ekonomiese aktiwiteite te akkommodeer, maar ook bestaande belange van die formele sektor in die verband te verreken.

2.6 Die toepassing van bestaande sonerings vereistes en die grondgebruik reëls moet deurentyd verreken word asook die impak van die Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerk wat hierdie bepaalde aspekte in die toekoms gaan reguleer.

2.7 Die Geïntegreerde Ontwikkelings Plan met die ekonomiese perspektief daaraan gekoppel en inisiatiewe in hierdie verband moet ook verreken word.

## 3. Die Beleid

3.1 Die Raad besef dat die bestaan van huiswinkels nie geïgnoreer kan word nie.

3.2 Die Raad wens nie met hierdie beleid beperkend op te tree nie maar eerder instaatstellend en tot voordeel van die groter gemeenskap.

3.3 Eienaars van huiswinkels moet aan bepaalde reëls en vereistes voldoen :

( a ) Die perseel moet toeganklik wees vir lede van die publiek sonder risiko's van besering d.m.v. toegangspaaie, onvoldoende omheining en ongemerkte trappe asook die risiko van waghonde wat op persele aangetref word.

( b ) Die produkte reeks wat aangebied word in die huiswinkels moet vooraf per aansoek goedgekeur word en die deurlopende toepassing van die vergunnings gebruik moet gemonitor word asook die sertifikaat van aanvaarbaarheid wat uitgereik moet word voordat besigheid 'n aanvang kan neem.

( c ) Gesondheidheids regulasies van toepassing op die hantering, berging en verwerking van voedsel moet streng nagekom word.

( d ) Aansoeke vir die toestaan van vergunnings gebruik ten opsigte van die oopmaak van huiswinkels moet op die voorgeskrewe vorm soos van toepassing op alle vergunnings gebruik aansoeke geskied en sal hanteer word aan die hand van die basiese sonerings kriteria soos toegepas deur die Raad. Grondgebruik beperkings wat van toepassing is in gevolge die Skema Regulasies op 'n bepaalde sone sal verreken word met aansoeke. Goedkeuring van aansoeke sal slegs op 'n tydelike grondslag geskied, in dié geval vir 'n periode van vyf jaar wat beteken dat dit slegs 'n vergunnings gebruik is.

( e ) Aansoeke moet ook vergesel word van 'n sertifikaat van aanvaarbaarheid wat uitgereik word deur die beampte in beheer van gemeenskaps- en omgewingsgesondheid .

( f ) Huiswinkels moet oor geskikte stoorruimte beskik asook oor die toepaslike verkoeling fasiliteite veral waar bederfbare produkte ter sprake is.

**LAINGSBURG MUNISIPALITEIT**

**AANSOEK VIR 'N SERTIFIKAAT VAN AANVAARBAARHEID**

**(INGEVOLGE R918 VAN 30 JULIE 1999, ARTIKEL 3 (3))**

| | |
|---|---|
| **A.** | **Persoon in beheer** |

| | |
|---|---|
| **Van en name van persoon in wie se naam die sertifikaat van aanvaarbaarheid uitgereik moet word.** | |

| | | |
|---|---|---|
| **B.** | **Pos adres** | |

| | | |
|---|---|---|
| **Telefoon nommer** | **Werk :** | **Huis :** |

| | |
|---|---|
| **Besonderhede van voedselperseel** | |

| | |
|---|---|
| **Naam van voedselperseel (indien enige)** | |

| | |
|---|---|
| **Erf of plek nommer (indien van toepassing)** | |

| | |
|---|---|
| **Tipe voedselperseel (bv. gebou, voertuig, stalletjie)** | |

| | |
|---|---|
| **Fisiese adres of adres vir inspeksie** | |

| **Indien die volgende nie op die voedselperseel is nie, meld die adres of beskryf die ligging daarvan :** | | |
|---|---|---|
| | **Erf Nommer** | **Adres** |
| **Sanitêre (toilet) fasiliteite** | | |
| **Skoonmaak fasiliteite (wasplek vir fasiliteite)** | | |
| **Handwas fasiliteite** | | |
| **Stoorplek van voedsel / fasiliteit** | | |
| **Voorbereiding perseel** | | |

| | |
|---|---|
| **C.** | **Voedsel kategorie** |

| | |
|---|---|
| **Lys en beskryf die voedsel items of die aard of tipe voedsel wat betrokke is** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| D. | Aard van voedselhantering |
|---|---|

| | |
|---|---|
| Lys en beskryf wat die aktiwiteite sal behels (bv. voorbereiding / verpakking / prosessering) | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| E. | Personeel |
|---|---|

| Aantal persone in diens | Mans | | Vrouens | |
|---|---|---|---|---|

| F. | Besonderhede van vrystelling waarvoor aansoek gedoen word (Regulasie 15(1)) |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| G. | Besonderhede van applikant | |
|---|---|---|
| | **Naam** | |
| | **Hoedanigheid (bv. eienaar, bestuurder)** | |
| | **Posadres** | |
| | **Telefoon nommer** | |
| | **Datum van aansoek** | |
| | **Handtekening** | |

Rig asseblief hierdie dokument / navrae aan :

Hoof Omgewingsgesondheid
Laingsburg Munisipaliteit
P/Sak X4
LAINGSBURG
6900

Tel / Faks : 023-5511019